

Koleka Mlisana neem leisels by Abdool Karim

Prof. Salim Abdool Karim glo die ministeriële advieskomitee (MAK) oor Covid-19 is in goeie hande nadat sy bedanking as die medevoorsitter gister amptelik aangekondig is.

Hy was voorsitter toe die komitee bykans 'n jaar gelede in die lewe geroep is om wetenskaplike raad oor die Covid-19-pandemie aan dr. Zweli Mkhize, minister van gesondheid, te verskaf.

Prof. Koleka Mlisana, voorsitter van die komitee se subkomitee vir laboratoriumtoetse, is reeds in Abdool Karim se plek aangestel, en prof. Marian Jacobs behou die ander pos as medevoorsitter.

Abdool Karim het gister in 'n verklaring gesê hy gaan weer op navorsing oor MIV en vigs fokus en sy akademiese verpligtinge nakom.

Volgens die minister het Jacobs daartoe ingestem dat die komitee geherstruktureer word om beter te kan reageer op die jongste verwikkelinge van die pandemie.

Mlisana is tans die uitvoerende bestuurder van akademiese sake, navorsing en gehaltebeheer in die nasionale gesondheidslaboratoriumdiens.

– **Christiaan du Plessis**